**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

DIE OU MUTUAL
bied u die beste in Lewensversekering'
SAM 1960

JAARGANG XXI WOENSDAG 22 JUNIE 1966 NO. 7



**Thalia gaan gedurende die eerskomende vakansie met hulle toneelstuk deur verskeie dele van die land toer. Op die foto bo verskyn die toneelgroep wat oor twee weke in die langpad val.**
Foto: Fotokuns.

# A.S.B.-BESTUUR GEVRA OM TE BEDANK

**DIE Studenteraad het die bestuur van die plaaslike A.S.B.-tak gevra om te bedank. Die twee verteenwoordigers van die A.S.B. op die Studenteraad sal die werksaamhede van die tak tot die einde van die termyn behartig. Hulle is mnr. B. J. de Klerk en mnr. J. E. Bradley. Geen nuwe bestuur sal vir die tydperk saamgestel word nie.**

**Die gegewens het aan die lig gekom in 'n onderhoud met die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Frans van der Walt.**

Die stap volg uit 'n uitspraak van 'n arbitrasiehof wat onder soek ingestel het nadat 'n mosie van wantroue in die voorsitter van die A.S.B., mnr. J. E. Bradley, deur die bestuur aangeneem is.

Na verneem word het al die bestuurslede die mosie gesteun, behalwe een wat buite stemming gebly het.

### MOONTLIK

**Mnr. Van der Walt het gesê dat die uitspraak van die arbitrasiehof moontlik later aan die studentemassa bekend gemaak sal word.**

### OBJEKTIEF

Mnr. B. J. de Klerk, ondervoorsitter van die bestuur, is deur Die Wapad genader oor die aangeleentheid. Namens die persone wat die mosie ingedien het, het hy gesê dat daar besluit is om geen persverklaring te doen nie, aangesien die saak op 'n eerskomende massavergadering van die A.S.B. „objektief en van beide kante" aan die studentemassa voorgelê sal word.

Mnr. J. E. Bradley het in 'n onderhoud gesê dat die besluit



**MNR. J. E. BRADLEY**

van die Studenteraad die probleem nie oplos nie.

Mnr. Bradley kon weens siekte nie die vergadering waartydens die besluit geneem is, bywoon nie.

### BEGRYP NIE

Hy begryp nie waarom die Studenteraad hom geskik ag om die sake van die A.S.B. te behartig, terwyl hy nie ingesluit word in die afvaardiging na die A.S.B.-kongres nie.

Mnr. Bradley het gesê dit is vir hom vreemd dat daar nog by die voorgestelde afvaardiging gehou word, terwyl drie van die persone wat daarby ingesluit is lede van die afgedanke bestuur was.

Hy is van mening dat die bevinding van die arbitrasiehof aan die studentemassa bekend gemaak moet word.

**Hy is bereid om 'n volledige verklaring aan die massa te doen, het mnr. Bradley gesê.**

### GOEDGEKEUR

Volgens die voorsitter van die Studenteraad is daar geen nuwe besluit rakende die afvaardiging geneem is. Die afvaardiging is vroeër deur die bestuur van die A.S.B. gekies en deur die Studenteraad goedgekeur.

Die afvaardiging van die P.U. na die A.S.B.-kongres is tydens 'n onlangse massavergadering aan die studente voorgehou. Daar is egter geprotesteer teen die weglating van mnr. Bradley uit die afvaardiging. Die vergadering het nie 'n mandaat aan die afvaardiging verleen nie.

### BESTUUR

Die bestuur van die A.S.B.-tak wat gevra is om te bedank is: mnre. J. E. Bradley B. J. de Klerk, C. F. C. Coetzee, J. S.



**MNR. B. J. DE KLERK**

du Plooy, F. Postma, R. G. Aucamp, C. J. Coetzee, C. G. van der Merwe, A. G. S. Venter en mejj. W. le Roux en J. Wissing.

● So ver vasgestel kon word is dit die tweede keer in die geskiedenis van die P.U. dat 'n arbitrasiehof moes beslis oor 'n geskil in die studentelewe.

# *Kennedy stel samesprekings tussen A.S.B. en Nusas voor*

**DAAR word reeds voorbereidings getref vir samesprekings tussen leiers van NUSAS en A.S.B. by die Witwatersrandse Universiteit gedurende Augustus vanjaar, volgens 'n berig in 'n Engelstalige dagblad.**

**Hoewel sodanige reëlings reeds geruime tyd onderweg is, het Sen. Robert Kennedy op sy onlangse besoek aan Suid-Afrika aanbeveel dat die hoofbesture van hierdie twee studente-organisasies met mekaar onderhandel, berig die koerant.**

As onderwerp van bespreking het Sen. Kennedy voorgestel die **Toekoms van Suid-Afrika,** maar gedurende die samesprekinge sal die twee groepe hulle waarskynlik daarop toelê om geskille tussen die **organisasies uit die weg te ruim, lui die berig.**

Daar sal aan mnr. Danie du Toit president van A. S. B. en mnr. I. Daniel, waarnemende president van NUSAS, dertig minute gegun word om hulle onderskeie standpunte te stel. Hierna sal geleentheid vir vrae gebied word.

Voldoende voorsiening sal gemaak word vir studente van alle betrokke inrigtings om teenwoordig te wees.

### NIE RYP

**Volgens 'n hoofbestuurslid van die A.S.B. word geen sodanige reëlings getref nie.**

Die president van die A.S.B., mnr. D. du Toit, het onlangs gesê dat die A.S.B. bereid is tot 'n debat met Nusas maar dat die tyd nog nie ryp is nie. So iets is nie moontlik so lank die diepgaande verskille en uiteenlopende uitgangspunte tussen die twee studenteliggame bestaan nie.

### KOMMUNISME

**Samesprekings sal nie met Nusas gehou kan word so lank hulle verhard in hulle anti-Suid-Afrikaanse optredes en alvorens hulle hulle nie duidelik teen die Kommunisme uitgespreek het nie.**

Van 'n ope gesprek tussen die twee liggame is daar nie sprake nie, aangesien die A.S.B. nie bereid is om sy beginsels oorboord te gooi en Nusas op 'n neutrale vlak te ontmoet waar Christelik-Nasionale beginsels nie geld nie,

## Afvaardiging na kongres

**Die volgende persone is tydens 'n vergadering van die bestuur van die plaaslike A.S.B.-tak verkies tot die afvaardiging wat namens die studentemassa van die P.U. die A.S.B.-kongres in Stellenbosch sal bywoon:**

**Mnre. J. J. Brand, C. F. C. Coetzee, B. J. de Klerk, A. le R. du Plooy, F. van der Walt en mej. W. le Roux.**

**Die Studenteraad het die afvaardiging reeds goedgekeur.**

## A.S.B.-kongres in Matieland

Die kongres van die Afrikaanse Studentebond vind vanjaar van 4 tot 8 Julie op Stellenbosch plaas. Die tema van die kongres sal wees: „Eenheid". Die kongres maak deel uit van die eeufeesvierings van die Universiteit van Stellenbosch.

Daar sal verskillende referate op die kongres gelewer word. Dr. Piet Meyer, hoof van die S.A.U.K. sal die probleemstelling van die tema skets. Al die universiteite en onderwyskolleges sal referate lewer. Die P.U. se referaat handel oor eenheid in kerk en godsdiens en sal gelewer word deur mnr. Frans van der Walt.

## Sentrum ontvang vername gaste

Die Sentrum vir Internasionale Politiek het Vrydag die 10de Junie weereens vername gaste op ons kampus ontvang.


Hulle is mnre. Jounie en Flack Consul, albei verbonde aan die Britse ambassade in Suid-Afrika.

Albei is baie beïndruk deur die werk wat die Sentrum doen en het beloof om te help deur die beskikbaarstelling van publikasies vir die Sentrum.

## Min studente teenwoordig

**'n Handjievol studente van die P.U. het verlede week by die derde massavergadering van die jaar opgedaag. Slegs die helfte van die studentesaal was volgepak. 'n Groot persentasie van die aanwesiges was eerstejaars.**

Agente vir:
INNOXA
VITAMOL
COTY
Besoek ons uitgebreide
GESKENKAFDELING
**DIE BULT-APTEEK**
Tomstr. 88b & c — Tel. 5943
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*



# KUNSGESELSIE

AL die mitologië van die verlede toon 'n sekere ooreenkoms — 'n basiese struktuur waarop dit gebou is. Dit gee James Joyce reg om in „Finnigans Wake" te praat van die monomite.

Die basiese verloop van die held se ondervindinge vorm 'n siklus. Die verloop begin in die realiteit van die alledaagse lewe. Uit sy verblyfplek word die held weggelei, of ontvoer, of anders gaan hy uit eie wil op die pad van sy avontuur. Hier ontdek hy gewoonlik 'n misterieuse mag wat die weg bewaak. Of deur die mag te oorwin, of deur 'n ooreenkoms kan die held nou voortgaan op sy weg in die duisternis. Die konfrontasie mag die vorm van 'n geveg met 'n broer of 'n monster, 'n offer of 'n religie aanneem. Die held word soms selfs gedood deur die mag en beweeg verder voort in die doderyk.

**INTIEM**

Na die ingang in die avontuur beweeg die held in 'n wêreld van misterie, vol vreemde en nogtans intieme magte, wat hom somtyds bedreig (die s.g. toetse), en hom anders magiese hulp verskaf. Die reis neem bekende vorms aan soos bv. 'n nag-seereis, 'n wonderbaarlike reis soos in 'n walvis of monster se maag.

By die nadir van die mitologiese rondte of siklus belewe die held se seksuele vereeniging met die moeder van die aarde (heilige huwelik); sy erkenning deur die vaderskepper of die held se eie vergoddeliking (apotheosis).

**BELONING**

As die vreemde magte vyandig bly, geskied die klimaks deur die steel van die beloning (bv. steel van 'n bruid of van vuur). Die triomf bestaan basies uit 'n uitbreiding van die bewussyn en daardeur van die syn deur verligting, transfigurasie en vryheid.

**TERUGKEER**

Die kringloop van die siklus word voltooi deur die terugkeer van die held na die alledaagse realiteit. As die magte die held geseën het, keer hy terug onder hulle beskerming; indien nie, vlug hy en word hy deur die magte agtervolg ,transformasie vlugtog of hindernis vlugtog). By die bereiking van die einddoel van die alledaage realiteit moet die tansendente magte agterbly en verskyn die held terug uit die misterie van sy avontuur (terugkeer of resurreksie). Tot die voordeel van die mense verskaf hy nou sy seëning aan hulle in die vorm van 'n elikser.

Allerlei afwykings van, en veranderings aan die struktuur van die monomite is te veel om te beskryf. Baie mites isoleer sommige aspekte van die volle siklus en brei verder daarop uit bv. toetsmotiewe, vlugmotiewe of die ontvoering van die bruid). Somtyds word 'n hele aantal siklusse aanmekaar geskakel in 'n enkele serie soos in die Odysseus van Homeros.

**ONDERDRUK**

Die raamwerk van die monomite kan onderwerp word aan verwering, en verduistering. Archaïse trekke word gewoonlik vernietig of onderdruk. Ingevoerde materiaal word verander om gewestelike landskap, gewoonte of geloof te pas, en versleg altyd in die proses. Verder word in die ontelbare oorvertellings van die tradisionele mite onbewuste veranderings gedoen.

**SWAKHEDE**

Die saamgestelde held van die monomite is 'n persoon met uitsonderlike gawes. Gewoonlik word hy vereer deur sy gemeenskap, maar soms is hy ook onerkend en word op hom neergesien. Hy en/of die wêreld waarin hy hom bevind besit simboliese swakhede. In sommige mites mag die swakheid so min wees as die verlies van 'n goue ring, maar in die apokaliptiese visie van die ander mites kan die hele fisiese en geestelike lewe van die wêreld as gevalle voorgestel word. In laasgenoemde gevalle bereik die held 'n wêreldhistoriese, makrokosmiese oorwinning.— D. v.d. B.

## Strykkwartet se programkeuse stel teleur

Die Hongaarse Strykkwartet het Saterdagaand 11 Junie in die Konserwatoriumsaal 'n meesterkonsert gehou.

Die program was saamgestel uit werke van Mozart, Dvorak en Beethoven. As 'n geheel was die programkeuse ietwat teleurstellend. Mens verwag iets meer modern en lewendig van die Hongaarse Strykkwartet, wat die beste vertolkers ter wêreld is van Bartok se strykkwartette.

Die uitvoering van die werke was van hoogstaande standaard, behalwe vir 'n paar foutjies deur die eerste viool aan die begin. Tog het mens die idee gekry dat hulle die werke te akademies en koud benader.

Die tjellospeler het beïndruk deur sy ry en beheerste tone, veral in die „Amerikaanse"-kwartet van Dvorak wat die lewendigste uitgevoer is van al die werke.

—D.v.d.B.

## Saal kry beter luidsprekers

Vir menige fliekganger in die Totiussaal is die verbeterde luidsprekerstelsel 'n groot aanwins. Die bestaande stelsel is verbeter teen 'n koste van R250 en is voorsien van 'n twee-kolomstelsel.

Die stelsel kan ook direk aan 'n rolprentklankbaan gekoppel word, wat die bywoning van rolprente baie kan verbeter. Die diskoteekkomitee sal ook hierby baat kan vind.

## ,INNOCENTS' HET GROOT GEHOOR GETREK

**Die Sielkunde Vereniging van die P.U. het die rolprent "The Innocents" op Woensdag, 15 Junie, in die Totiussaal, vertoon.**

Soos met hulle vorige rolprentvertoning, het hulle 'n groot gehoor getrek. Die program van die aand was baie beter gebalanseerd as die vorige keer. By 'n vorige geleentheid het al die voorprente uit rugbytoetse, bestaan.

Die enigste kritiek is die aanskakel van die saal se ligte tydens die opsit van 'n volgende drom van die rolprent. Dit het gewoonlik die spanning heeltemal gebreek op plekke waar die spanning toevallig baie hoog geloop het.

Die keuse van die „Innocents" is baie verdienstelik. Sy werklike verband met die sielkunde is ietwat duister, maar op suiwer artistieke verdienste beoordeel, is dit 'n hoogstaande rolprent. Dit slaag goed daarin om die atmosfeer van die Henry James-verhaal, waarop die gebasseer is, vas te vang.

D. v. d. B.

## Alabama toer binnekort

Alabama gaan gedurende die Julievakansie deur Suidwes toer met „Die Drie Astertjies" 'n operette van Olaf Andersen, die komponis van die Heidelied, het mnr. Johan van Rensburg, die leier van die toergroep, gesê.

Mnr. van Rensburg sê dat hierdie operette in die algemene smaak sal val omdat die musiek van ligte aard is.



**Die trio wat onlangs in die konservatoriumsaal opgetree het. Hulle is van links na regs: Susan Sauerman (violis), Betty Pach (tjellis), Hennie Coetzee (pianis).**

**Foto: Fotokuns.**


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

**Tomstraat 92** **Telefoon 5032**

**POTCHEFSTROOM**

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en Sokkies




**Hannes Strydom en George Rautenbach in 'n toneeltjie uit die toneelstuk waarmee Thalia volgende maand gaan toer.**

**Foto: Mac v. d. Merwe.**

# BEOORDELAARS WYS WENNERS AAN

**Die beoordelaars van die interkoshuiskonserte, wat onder die inisiatief van die A.B.K.K. plaasgevind het, het besluit dat Dawie du Plessishuis/Oosterhof en Kulu/Heimat/Haak-en-steek saam eerste geplaas moet word.**

Die beoordeling het geskied op grond van oorspronklikheid, gebalanseerdheid, afgerondheid, die inhoud en aard van die aanbiedinge, en talent.

Daar is bevind dat daar in die algemeen die beste presteer is ten opsigte van besondere kunsvorme soos die toneelspelkuns, koorsang, individuele klavierspel.

**BEDENKINGE**

Die beoordelaars het verder die poging van die A.B.K.K. om die kunskulturele bedrywighede aan die P.U. te bevorder, geloof. Hulle het egter sekere bedenkinge oor die soort konserte wat hierdie keer aangebied is.

Die vraag of dit op die duur bevrediging sal gee, en of dit 'n vormende invloed sal hê, is gestel. Die dae van „konsert-potpourie" is byna oral getel, want dit laat niks tot sy reg kom nie.

**AANBEVELINGS**

In die verband doen hulle ook 'n paar aanbevelings. Die koorsangfeeste moet op 'n grondslag van wedywering tussen die koshuise gereël word. Hieruit kan 'n universiteitskoor saamgestel word wat 'n pronkstuk vir die universiteit kan wees.

Desgelyks kan daar te werk gegaan word met toneelspelkuns, individuele sang en instrumentale musiek.

Die uitblinkers op elke gebied kan tydens A.S.B.-kunsfeeste meeding. So sal daar meer bevrediging aan elke koshuis se inwoners en aan die hele universiteit verskaf word.

Die beoordelaars was proff. H. Venter, D. P. Erasmus, S. P. van der Walt en mnr. P. G. Snyman.

## MACBETH WAS GESLAAGD

Die Engelse Departement van die P.U. het 'n besonder geslaagde aanbieding van Shakespeare se Macbeth in die Totiussaal op 2, 3, en 4 Junie aangebied.

Hoogstaande vertolking is in die titelrol gelewer. Jacob Combrink as Macbeth, het met sy kragtige spel die aanbieding gedra. Hy is goed ondersteun deur die fris, nuwe vertolking van Sue Elliot as Lady Macbeth. Die ander spelers het redelike spel gelewer.

Die skraal dekor wat die somberheid beklemtoon het, was besonder effektief. So ook die byklanke en gepaste beligting.

Die grootste, oorspronklike, goed georganiseerde poging in die kulturele lewe van die P.U. Studentegemeenskap, stel 'n standaard wat nie gou oortref sal word nie.

—P.H.R.

## Party items was baie swak -- dosent

Koshuiskonserte behoort in die toekoms uit items te bestaan wat betekenis het en van hoë gehalte is, het mnr. Calvyn Snyman, een van die beoordelaars van die koshuiskompetisie, Saterdagaand in die Totiussaal gesê.

Hy het die trofee vir die beste items aan die gesamentlike wenners, 'n koor van Over de Voor en Oosterhof en 'n koor van De Klerkhuis, oorhandig het.

**GEWONDER**

**„Ek het soms gewonder of studente van ons Universiteit sekere van die items opgevoer het. Sulke aanbiedings het geen waarde nie," het mnr. Snyman gesê.**

Hy het voorgestel dat die koshuiskompetisie in die toekoms op 'n feesbasis geskoei moet word. Drama-, koor- en voordragfeeste moet gehou word omdat dit blywende waarde het.

Volgens mnr. Snyman was die wenners se inskrywings van waarde.

## OUD-STUDENTE TREK SAAM

'n Saamtrek van Noord-Transvaalse oudstudente en vriende van die P.U. vir C.H.O. vind op Vrydagaand, 24 Junie om 7.00 nm. plaas by die Rondalia-Vakansieoord naby Naboomspruit.

Die Rektor, prof. H. J. J. Bingle prof. S. J. du Plessis en mnre. C. J. Reinecke en H. van Zyl sal die saamtrek bywoon.

# Interuniversitêr

**Die Goudstadse Onderwyskollege onderneem gedurende die eerskomende Julie-vakansie 'n welwillendheidstoer deur Noord-Transvaal. Hulle sal met 'n rugby-, tennis-, asook 'n gimnastiekspan toer. Die doel van hierdie toer is om fondse in te samel vir die nuwe Afrikaanse Universiteit in Johannesburg.**

**KAAPSTAD:** Sowat 150 studente sal binne die volgende maand in Suid-Afrika aankim vir hul verblyf van drie maande in die Republiek. Hierdie uitruilskema word jaarliks gereël deur die Britse Universiteitsgenootskap vir Britse studente in S.A. Die doel van hierdie uitruilskema is om die studente meer vertroud te maak met plaaslike toestande. Die studente sal tydelik inwoon by Afrikaansesprekende gesinne.

**TORONTO:** Ronald Ivan Macdonald het vir drie jaar lank hom voorgedoen as professor in Sielkunde aan die Universiteit van Lakehead, Ontario, voordat daar na sy kwalifikasies navraag gedoen is. Daar is vasgestel dat hy geen professor is nie. Hy is op 'n aanklag van bedrog gevonnis tot een dag gevangenisstraf en 'n boete van R375.

## MINIROKKIE



**Waar gaan die wêreld heen? Die dametjie het onlangs opspraak op die kampus van die P.U. vir C.H.O. verwek deur met so 'n eina kort rokkie in die (konserwatiewe) openbaar te verskyn. Deur die jongste modes so na te jaag is sy beslis nie een van die ou kamp nie.**

**Om egter te vergoed vir die rokkies wat al korter word, word die mans se hare al langer — as hulle kan toneelspeel.**

Foto. Mac. v.d. Merwe

**PRETORIA:** Die stigting van 'n volksanggroep (folk singing) aan die Universiteit van Pretoria is onlangs deur die Studenteraad verbied.

Die Studenteraad het die stap geneem na afloop van die bevindings van 'n voorlopige komitee wat benoem is om die saak te ondersoek.

**SYDNEY:** Studente van die Universiteit van Sydney het onlangs daarin geslaag om 'n groot brug op 'n besige pad vir enkele dae te sluit. Deur padtekens wat 'n omweg aandui, op te sit, het hulle duisende motoriste gedwing om 'n draai van ongeveer een myl na 'n ander brug te ry.

Selfs die polisie, lede van die stadsraad en spoorwegamptenare is geflous. Die studente het selfs verder gegaan deur briewe aan die plaaslike koerant te skryf waarin hulle protesteer dat geen werk op die brug gedoen word nie.

Die skrywes van die studente is geïgnoreer. Die opset was so suksesvol dat die studente twee keer die rooi waarskuwingslampe van brandstof moes voorsien.

Die brug is later heropen nadat vasgestel is dat die padtekens van verskillende streeksowerhede afkomstig is.

## PERSUNIE HOU KONFERENSIE

Die Afrikaanse Studente-persunie konfereer gedurende Julie vanjaar in Stellenbosch. Die konferensie van die unie val saam met die A.S.B.-kongres wat in die Eikestad plaasvind.

Die opening van die konferensie word op Maandag, 4 Julie deur die hoofredakteur van Die Burger waargeneem.

Verskeie interessante lesings word as deel van die joernalistieke kursus aangebied.

„Redaksielede van alle studentekoerante aan Afrikaanse universiteite en onderwyskolleges is na die konferensie uitgenooi," het die voorsitter van die persunie in 'n onderhoud met Die Wapad gesê.

Vier **afgevaardigdes** en een waarnemer sal **Die Wapad** op die konferensie **verteenwoordig.**

# Moderne dameskoshuis sal R720,000 kos

**Die grootste enkele projek wat nog deur die owerheid van die P.U. aangepak is, vorder fluks. Dit is die nuwe dameskoshuis wat ten noorde van Dawie du Plessis op die terrein van die Universiteit in aanbou is.**

**Die koshuis word teen 'n geraamde koste van R720,000 opgerig en sal 250 dames kan huisves.**

Na verneem word, is geen koste ontsien om die verblyf van die studente so aangenaam moontlik te maak nie. Die dae van trappe klim is ook verby. Die koshuis sal oor twee luukse huisbakke beskik.

**SITKAMERS**

Elke verdieping het sy eie sitkamer met groot glasdeure en 'n balkon, met 'n uitsig na die noorde. Die argitekte het die dames verder probeer tegemoet kom deur selfwerksaamheid tot 'n minimum te beperk.

Al die meubels in elke kamer, met uitsondering van die stoel en snippermandjie sal ingebou wees. Die bed sal deur middel van skarniere opgelig kan word om toegang te verleen tot 'n groot pakruimte.

**DUBBELKAMERS**

**Die koshuis sal slegs dubbelkamers hê.**

Agter die gebou word daar tans ook 'n eetsaal opgerig. Dit sal eetplek aan 800 persone kan bied, en sal toegerus wees met een van die modernste kombuise. Ete sal deur selfbediening geskied. Die eetsaal sal as eetplek vir die dames van die nuwe koshuis dien sowel as vir die mansstudente van J. van Rooyhuis en Dawie du Plessishuis.

● Dit is nog nie bekend wat die naam van die nuwe koshuis sal wees nie.



**Mej. Sannie Greyling is aangestel as sekretaresse van die Studenteraad. Mej. Greyling het die groot taak om die administrasie van die studentelewe vlot te laat verloop.**

**Foto: Fotokuns**

## Nuwe voorsitter

Die voorsitter van die Ontspanningskomitee, mnr. Jan-At Kruger het onlangs bedank. In die plek van mnr. Kruger, het die Studenteraad mnr. Schalk van der Walt aangestel.

Mnr. Van der Walt sal binnekort 'n nuwe komitee saamstel.

## SO GAAN 'SY' NOG LYK



**So sal die nuwe dameskoshuis van die P.U., wat teen 'n koste van R720,000, aangebou word, lyk. Die dameskoshuis sal 250 dames kan huisves.**

Lees berig elders.

## Geld wat stom is, maak reg..

'n Kollege in Los Angles het R714,000 prysgegee omdat hy nie 'n eregraad aan mnr. Dan Smoot, 'n ultra-regse radiokommentator wou gee nie.

Die geld is nagelaat deur mnr. Dalas Lewis, 'n skatryk sakeman wat verlede maand oorlede is.

In sy testament bemaak mnr. Lewis die geld aan die kollege, op voorwaarde dat hulle binne ses maande na sy afsterwe 'n eregraad aan mnr. Smoot toeken.

Die kollege het geweier om die eregraad toe te ken en sodoende die skenking verbeur.

# Ons Lesers Skryf

## Drie Pukke rig brief aan hulle medestudente

**Geagte Redaksie,**

**Die standpunt van „Pukkie" in die Transvaler, en die daaropvolgende polemiek is teen die tyd by elkeen van ons bekend. Ons wil ons eenparig vereenselwig met die besluit wat die Studenteraad geneem het op die massavergadering van 14 Junie, en ook ons waardering uitspreek daarvoor.**

Uit die briewe in die koerant het dit duidelik geblyk dat ons universiteit baie ondersteuners het onder verantwoordelike, regdenkende mense. Veroorloof ons dus om in die lig hiervan 'n woord te rig aan alle Pukke, maar in die besonder ook aan hulle wat in die komende vakansie die Universiteit sal verteenwoordig op kongresse, kunsfeeste, toere en sporttoernooie.

Geagte medestudente, — **Op die pas afgelope massavergadering het u u heldhaftige steun toegesê aan ons Studenteraad en die beginsels waarvoor hy staan. As deel van die massa het u dus 'n plig om daardie beginsels uit te leef. Juis na hierdie skrywes in die koerant, sal andere se oë, ten regte of ten onregte, op u gerig wees. Laat ons dus nie die vertroue, wat so duidelik aan ons gestel is, teleurstel nie. Wees ware Pukke.**

**Aan hulle wat nie bereid is om ons beginsels uit te leef nie, het ons die reg om te vra dat hulle nie ons Universiteit sal gaan verteenwoordig nie. Die Puk gee aan u die geleentheid om namens hom op te tree. Sekere eise mag dus ook aan u gestel word. Indien u dus nie kan of wil voldoen aan daardie eise nie, het u geen reg om namens ons Alma Mater op te tree nie.**

**„In al ons handel, spel en werk,**
**hoor ons jou roepstem, magtig sterk."**

**Laat dit ons leuse wees in al ons optrede.**

Groetend,
Drie Pukke.

## Studentehandboekeksamen moet afgeskaf word

**Geagte Redaksie,**

**Ek is van mening dat die brogeksamen inbreuk maak op die regte van elke student en afgeskaf moet word.**

Wet No 23 van 1935 maak voorsiening vir die beskerming van uniforms en name van inrigtings (waarby universiteite ingesluit is) en die gebruik daarvan deur onwettige persone.

Art. 7 (2) lui „Niemand mag gebruik maak van sodanige naam, uniform of wapen, of enige deel daarvan... tensy hy die skriftelike magtiging van sodanige vereniging of inrigting het, of lid daarvan is nie."

Uit die laaste sinsnede blyk duidelik dat elke lid van die universiteit, m.a.w. elke student, gemagtig is om 'n kleurbaadjie te besit; onvoorwaardelik.

Het dit nie nou tyd geword dat hierdie regsreël nagekom word nie?

Dit sal bydra tot die goeie gees van die universiteit en ook tot ons bekendheid in die buitewêreld as meer studente as die groepie wat bros jaarliks deurkom, in die openbaar met die kleurbaadjie waarop hulle geregtig is, kan verskyn.

Senior regsgeleerdes heg dieselfde interpretasie aan die wet.

Die uwe,
Hein van der Walt.

# NUWE LEERSTOEL




**C.P. aan Hennie: Ons het met 'n klas te doen wat moeilik beheer sal word. (Na aanleiding van die nuwe leerstoel in wêreldpolitiek aan die P.U.)**

# Verteenwoordigster op S.R. doen beroep op alle Pukdames

**Die dameskonferensie van die Afrikaanse Studentebond vind vanjaar op 5 Julie tydens die A.S.B.-kongres plaas. Dit sal die derde konferensie wees sedert die stigting in 1964. Dit vind op Stellenbosch plaas.**

Mev. H. Rupert sal by die geleentheid as hoofspreker optree. Sy sal praat oor: „Die huwelikseenheid — posisie van die vrou".

Dames van verskillende opvoedkundige inrigtings sal ook referate lewer.

Mej. Elize Gründlingh sal namens die dames van die P.U. vir C.H.O. 'n referaat lewer oor „die vrou as eggenote en moeder in die beroepsarbeid."

**REISKOSTE**

**Mej. Wilna le Roux, damesverteenwoordiger op die Studenteraad en addisionele lid op die bestuur van die A.S.B.-dameskonferensie doen 'n beroep op die dames van die P.U. om hierdie konferensie by te woon. Die reiskoste na Stellenbosch bedra dertien rand, terwyl losies sewe rand kos.**

# *STEL STUDENTE BELANG IN AKTIWITEITE VAN KORPS?*

**Is daar geesdrif by Pukstudente vir die uitlewing van die Christelike beginsels aan die Universiteit en in die studentelewe? Wat is die taak van Korps Veritas Vincet op die Kampus?**

**Die vrae het voortgespruit uit 'n toespraak van ds. C. Hattingh voor 'n vergadering van Korps op Woensdag 4 Mei. Ds. Hattingh het gesê dat die geesdrif vir die Christelike saak by die jeug in die algemeen ontbreek.**

Tydens die bespreking wat gevolg het, is die mening geopper dat dit Korps, veral die bestuur, se taak is om metodes aan te wend om by die studente meer geesdrif vir die Christelike beginsels aan te kweek.

**VERSKIL**

**Uit 'n meningsopname blyk dat daar heelwat menigsverskil bestaan oor die gemiddelde student se houding teenoor die Christelike karakter van die P.U. Uit onderhoude het dit geblyk dat Korps meer aktief moet wees.**

„Die grootste deel van ons studente is wel geesdriftig om die Christelike karakter van die P.U. uit te leef. Daar is egter heelwat studente wat geen belangstelling daarvoor het nie," sê mnr. Jan Venter, 'n derdejaar B.Sc-student.

**GROEF**

Korps kan nie sy doel dien solank bywoningsgetalle van die vergaderings klein is nie. As Korps nie in 'n groef wil verval nie, moet daar 'n oplewing kom, het hy gesê.

Die deursnee student aan die P.U. staan vierkantig agter die C.H.O., meen mnr. Jorik Piso, 'n Farmasiestudent.

Korps moet nie bo die alledaagse samelewing staan nie, maar vanuit die samelewing self sy doel verwesenlik. Korps sal in sy doel slaag as die lede aktief deelneem, het 'n U.O.D.-student, mnr. Hennie Badenhorst gesê.

**OORBODIG**

**Mnr. Hans Swanepoel, 'n student in die Teologie, sê dat geesdrif by die Pukstudent teenoor sy universiteit se Christelike karakter in die algemeen ontbreek. Korps as organisasie is eintlik oorbodig. Dit dien net as 'n verpligting vir eerstejaars om kleurbaadjies te kry. Die huidige organisasie kan nie in die behoeftes voorsien nie.**

**ETIEK EN LOGIKA**

**Volgens mnr. Swanepoel is die kursus in Etiek en Logika die enigste instelling wat geskik is om die Christelike beginsels in besonder te belig.**

Die mening van mnr. Gerrit Coetzee, 'n bestuurslid van Korps, is ook gevra. Hy het gesê dat daar nie net 'n gebrek aan geesdrif teenoor Korps is nie, maar vir die hele verenigingslewe van die P.U. Die saak geniet die aandag van die bestuur. Daar word reeds gepoog om meer belangstelling van buite te wek deur kennisgewings van vergaderings ook aan dosente en predikante van die dorp te stuur.

Dit is sy persoonlike mening dat Korps 'n belangrike taak het om geesdrif vir die uitlewing van die Christelike beginsels te wek, het mnr. Coetzee gesê.

## Konstitusionele verandering

Die A.S.B. sal nie meer as 'n hoofligaam funksioneer nie, maar word 'n komitee van die Studenteraad. Die besluit om die konstitusionele verandering aan te bring is op 'n onlangse massavergadering in die Totiussaal bekendgemaak deur die voorsitter van die Studenteraad, mnr. F. van der Walt.

In 'n uiteensetting van die wyse waarop die komitee sal werk, het mnr. Kobie van die Walt, ondervoorsitter van die Studenteraad gesê dat die komitee soos vroeër op die Studenteraad verteenwoordig word. Die verteenwoordigers word deur die massa verkies terwyl die res van die komitee deur die Studenteraad saamgestel word.

Tydens dieselfde vergadering is die studentegees aan die P.U. as agendapunt bespreek.

'n Kommissie is aangestel om die toestand te ondersoek en veral vas te stel wat die algemene houding onder studente is teenoor die instelling van 'n substituent in die plek van die vreugdedag wat enkele jare gelede afgeskaf is.

# AANGEKOOP



**'n Leemte wat al gedreig het om hande uit te ruk, sal eersdaags gevul word: Die S.R. het besluit om nog 'n studentebus aan te koop.**

**Hierdie semi-luukse Mercedes, wat sitplek aan 'n minimum van 54 persone bied, word teen 'n bedrag van R10,000 aangekoop.**

**Die bus sal helderkleurig wees met 'n maroen streep aan beide kante. (Foto bo) 'n Staal-afdruk van die Pukwapen sal op die bus aangebring word.**

**Daar word tans onderhandel om die bus van 'n FM-radio en gordyntjies te voorsien.**

**Na die ingebruikneming van die nuwe bus sal die ou bus van 'n soortgelyke bakwerk voorsien word om aan die stygende aanvraag te voldoen.**

## REKENMEESTER

**Mnr. R. S. van der Walt, wat aangestel is as sekretaris-rekenmeester van die Bank van die Oranje-Vrystaat se hoofkantoor in Bloemfontein.**

**Mnr. Van der Walt aanvaar diens op 1 Julie. Hy is tans senior lek-**



**tor in Rekeningkunde aan die P.U. Hy het in 1958 'n B.Com.-graad aan die Universiteit behaal en is drie jaar later as tydelike lektor aangestel. Hy het reeds die honneursgraad verwerf en die kwalifiserende eksamen vir rekenmeester afgelê.**

# Hollandse geskiedkundige besoek Puk binnekort

**Die bekende Nederlandse geleerde, prof. dr. M. C. Smit, hoogleraar in Geskiedenis en Filosofie aan die Vrije Universiteit van Amsterdam, kom aanstaande maand in Suid-Afrika aan vir 'n lesingtoer deur die land.**

Hy sal verskillende inrigtings en ander instansies in Pretoria, Johannesburg en Potchefstroom toespreek.


Op 23 Augustus lewer hy 'n lesing aan die Goudstadse Onderwyskollege oor „Waarde en Zin der Geschiedenis", en op 8 September lewer hy 'n voordrag by die Universiteit van Suid-Afrika oor die veld van die teorie van Geskiedenis.

Prof. Smit sal ook die Wysgerige Studiekring en die Personeelklub van die Potchefstroomse Universiteit op 11 Augustus en 6 September toespreek.

## Eie parkeerplek vir fietsers

Spesiale parkeergeriewe gaan vir meer as 10,000 fietse in Potchefstroom aangebring word.

Die fietsrakke, waarvan elk sowat agt fietse kan hou, sal tussen Lombard- en Potgieterstraat in Kerkstraat aangebring word.



# Verlief Verloof Verlore?



DIE massavergaderings darem... dis net die voorsitter, Op-die-punt-van-orde-sitters, Draad-sitters en die res is Deursitters. (Dit word regte monstervergaderings...) Almal bly maar in die knyp met al die sittings, want intussen is daar nog die toetssittings en die sleepsittings wat elk sy probleme oplewer.

Intussen word selfs diensroosters vir die eerstejaars opgestel om warm water te kan bekom en in die week word al die sitkamersteenkool verbruik sodat daar die heerlike lang Saterdagaande geen vuur is nie.

**VERHAAL**

Nou wil ek eers vir julle 'n verhaaltjie vertel wat my oujongnooihart sommer so ineen laat krimp het. Die tweetjies kom staan mos so skaam-skaam, handjie-handjie voor my en sê: „Jy weet, Loeloeraai, ons sleep al meer as 'n jaar . . . " Haar onderlippie bewe en hy neem oor: ‚Ons sleep nou al so lank en ons name was nog nie in Die Wapad nie. Hoe moet ons ouers en ons maats nou weet met wie ons sleep?" „Haai siestog, dink ek so by my sigselfwers. Hoeveel van hierdie ongelukkiges loop nie op die kampus rond nie?"

Hier volg dan die name van slepers wat al lank sleep en nog nie eervolle vermelding gekry het nie.

**Estelle Kruger en Ferdinand Postma,**
**Lucy Horn en Harold Meyer,**
**Nienke Groeneveld en Johan du Plooy,**
**Marba le Roux en Chris Aucamp,**
**Ilse Underhay en Vaatjie.**

**TROUKAARTJIES**

Verloof, maar nog nie verlore nie, is Martie van Niekerk en Hennie van Pote, Hans Swanepoel en Dina Minnaar van Springs. Die troukaartjies op die koshuise se kennisgewingborde dui aan dat heelparty wel die komende vakansie verlore gaan raak.

**RIDDERS**

Slepers wat dikwels besoek van die ridders van verre ontvang, of wat elke oggend by die posbus is, is Susie de Villiers, Rita Richards, Maatjie Nolte, Gerda Genis, Juliana Swanepoel en Diedie Diedricks.

**PREDIKANT**

Dan is daar 'n heel aktuele vraag: waarom oefen Ansie van Reyssen deesdae so knaend orrel? Miskien kan aspirant predikant Hennie de Villiers hierop 'n antwoord gee.

Mense wat die onverwagte „vroeë lente" se warmer weer geniet, is Gerrit Coetzee en Mientjie Meyer; en Johan Botha en Yvonne Adendorff.

Nic Naude (dit is nou nie die een van die S.A.U.K. nie) rig Dalene van Dyk se stem af vir die helder stem van FM. Ons wil net vir Piet Geyser waarsku . . . Die Bonds is gevaarlike mense: Jy doen dalk 'n koorsblaar op. (Of is Yvonne nie van daardie soort Bonds nie?).



**Loeloeraai het nou 'n medewerker gekry. Hy is Piet Fouties! Van nou af sal slepers, kysers verloofdes en jonggetroudes moet ligloop vir hulle twee. Hulle snuffel nou in die donkerte van elke hoekie op die kampus rond. Op die foto hierbo kan 'n mens sien hoe die twee skelms (Piet en Loeloeraai) 'n mens soms baie onverhoeds kan betrap.**

Daar is nog Elize Roodtman wat knaend egte Boerekos-resepte bymekaarmaak — sy wil die geur tot by die Landbou-Kollege laat trek. Tonie Botha en Paul Grunling vrees nie meer winterverkoues nie, want verpleegsters Saskia de Lange en Issie Howell leer mos nou van medisyne.

**WARMER**

Koos du Plooy en Corita Venter, Pieter Bezuidenhout en Nelie van Wyk, Rentia Kruger en Andre Coetsee, Ansphi Barnes en Johan van Tonder, Dinie van Delft en Tinus Reyneke dring almal daarop aan dat hulle name heel bo-aan die petisie vir warmer sleepbankies moet kom.

Dink net aan die lekker vakansie wat voorlê, met al sy toere. Ek dink ek gaan weer oortyd werk om al die besette hoekies uit te snuffel en deur te snuffel. Ek sal maar die vakansie moet gebruik om te rus, en wens julle almal alle joligheid en slepigheid toe.

—LOELOERAAI

# TROMP WORD „NUWE" KANSELIER VAN P.U.

**Gedurende die afgelope studentehandboekeksamen het die „geskiedskrywing" van die Puk weer eens 'n aantal hoogtepunte bereik. Verskeie „feite" soos sommige van onderstaande het aan die lig gekom:**

V. Watter wandade het op 7 Augustus 1940 op Potchefstroom plaasgevind wat die hele land geskok het?

A. Studente is gearresteer en as krygsgevangenes weggevoer. Die rektor is gearresteer op aanklag van hoogverraad . . .

V. Wie is die huidige Kanselier van die P.U. vir C.H.O.?

A. Mnr. Dave Tromp.

V. Noem die onderliggame van die A.B.K.K.

A. a. X-klub.
b. Studenteraad.

V. Wanneer het 'n persoon stemreg op Massavergaderings?

A. Sodra klasgelde betaal is.

V. Wie is die huidige voorsitter van die S.R.?

A. Frans du Toit.

V. Oor watter terreine strek die gesag van die S.R.?

A. Kampus en Oude Molen.

V. Wat was die ideaal van Prof Ferdinand Postma?

A. Om 'n diploma in biblioteekkunde te verwerf.

V. Wie voorsien die S.R. van finansies?

A. Die gelde wat met die Pukkieverkope ingesamel word.

V. Hoe word stemreg op Korps verkry?

A. Gereëlde kerkbesoek.

V. Waarvoor word die Jean Ingram Barrish Wisseltrofee toegeken.

A. Wenner van die jaarlikse „boat race."

V. Wanneer het A.B.K.K. tot stand gekom?

A. Nadat oorle' Totius Burgersdorp binnegeval het . . .

V. Noem een funksie van die Volkspelelaer.

A. Dien as 'n plaasvervanger vir dans op die Puk.


**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

***„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"***

**Kerkstraat 91-95** **Telefoon 5236/4944**

**H/v. Tom en Borcherdstraat** **Telefoon 3431**

**POTCHEFSTROOM**





**Oor de Voor-Suid het 'n nuwe naam. Die naam „Sonder-Water" is in die geval baie paslik, aangesien die mense 'n knaende tekort aan warmwater beleef. Die toestand het glo so vererger dat die betrokke eerstejaars besluit het om 'n vuurmaakrooster op te stel.**

**Selfwerksaamheid is enkele jare gelede reeds in die koshuise van die P.U. ingestel.**

**Op die foto hierbo kyk Bertie Pretorius na die „nuweling".**

**Foto: Mac v. d. Merwe.**

# ‚SOKKERSPELERS' IS HUL BAL KWYT -- HET VOOR BIBLIOTEEK GESPEEL

**„Gaan soek 'n ander speelplek", en 'n span geesdriftige sokkerspelers was hulle duur bal kwyt, berig ons verslaggewer van kompleks.**

Die studente het op die een helfte van die grasperk voor die Ferdinand Postma-Biblioteek gespeel toe mnr. Bosman van die Tegniese Departement op die toneel verskyn en hulle gelas om 'n 'ander' speelplek te soek. Die spel is derhalwe verskuif na die ander helfte van die grasperk.

**Mnr. Bosman, onder studente bekend as prof. Bossie, het weer sy verskyning gemaak en die bal het daarna saam met hom verdwyn.**

Mnr. Bosman is by die Tegniese Departement genader deur inwoners van Ons Huis. Die Rektor prof. H. J. J. Bingle, wat toevallig teenwoordig was, het die studente deeglik oor die kole gehaal. Hy het ook geweier om die bal terug te gee.

Die bal kos glo sewe rand.



**Tydens die onlangse Republiekfees het 'n sonderlinge gebeurtenis in Uitspan, een van die P.U. se manskoshuise, plaasgevind. Die koshuisvlag, wat tot dusver elke dag bo-aan die vlagpaal gewapper het, moes tweede plek inneem onder die Republiekvlag.**

**'n Paar dae lank het die patriotisme die koshuisgevoel oorheers. Dit het nie lank geduur voordat die koshuisvlag weer op sy plek gewapper het nie.**



**Op die foto verskyn die eerstejaarspan van Huis Haak-en-Steek wat in 'n onlangse kragmeting met hul Ouhere so toegeeflik was om die spel te beëindig toe die telling nege elk was.**

**Die eerstejaars sien uit na die herontmoeting op die veld wanneer daar finaal beslis sal word wie die wenners van die Haak-en-steek rugbytrofee sal wees.**

# Oosterhoffers teleurgestel

Oosterhof is alweer aan die verloorkant. Die dames het almal voor die geestesoog die netjiese dameskoshuis, omring van groen grasperke en kleurvolle randakkertjies, gesien. Menigeen het al in die verbeelding 'n Sondagmiddag onder die koeltebome rondgekuier.

Maar dit was alles verniet, want die werkers het al lankal die tuingereedskap opgepak en verdwyn.

Gelukkig het die Potchefstroomse Munisipaliteit die dames nie ook teleurgestel nie, want 'n netjiese parkeerplek het onlangs sy verskyning voor die koshuis gemaak, asook 'n grasperk op die eiland wat ook as versiering vir die koshuis dien.

# Skaakspelers is op en wakker

Die skaak is die jaar besonder op en wakker op Puk, het 'n woordvoerder van die skaakklub in 'n onderhoud gesê. Die interkoshuiskompetisie is reeds afgehandel, asook wedstryde teen Pote en Tuks-buitemuurs.

Die Skaakklub stuur ook 'n span van vier spelers na die A.S.B.-kunsfees om daar mee te ding. Die span is Nic Vreken, Floors Coetzee, Jerry van Vuuren en Mac van der Merwe.

# RUGBYSPELERS IS ONTEVREDE OOR WEGLATING VAN P.U.

**„Die studentespan wat onlangs op Pretoria teen die Harlequins gespeel het, was nie 'n verteenwoordigende span van die Noordelike Universiteite nie." So skryf mnr. F. J. Senekal sportbeampte van U.P., in 'n brief aan mnr. Hans van Zyl, sekretaris van die P.U.-rugbybestuur.**

**Mnr. Van Zyl het briewe aan U.P. en Wits se rugbybesture gerig om 'n verduideliking te vra waarom geen Puk in aanmerking geneem is vir die rugbywedstryd teen die Harlequins nie.**

In antwoord op mnr. Van Zyl se skrywe het mnr. Senekal gesê dat die dagbladpers foutiewelik berig het dat die studentespan uit die Noordelike Universiteite saamgestel is. Dit was slegs 'n gekombineerde span tussen Tuks en Wits, volgens mnr. Senekal.

**WITS**

**Die rugbybestuur van Wits, by name van mnr. A. Levin, het 'n soortgelyke verduideliking verskaf.**

Dit gebeur nou jaarliks dat vir sulke wedstryde slegs 'n gekombineerde span uit Tuks en Wits gekies word. Dat die Noordelike Universiteite blykbaar nie meer vir rugbykringe betaan nie, word deur die rugbyspelers van die P.U. betreur.

## Sokkertoernooi lewer puik spel

Die sokkertoernooi tussen Tukkies, Wits en die Pukke op 30 Mei, het met 'n naelskraap oorwinning vir die Pukke geëindig.

Tukkies, wat die gunsteling vir die toernooi was, het gelykop teen die Witsspan gespeel en daarna met 2 doele teenoor 1 teen die Pukke verloor. In 'n spannende wedstryd het die Pukke ook gelykop gespeel teen Wits. Die P.U. se spelers was ietwat ongelukkig om die wedstryd nie te wen nie.

Aanskoulike sokker is deurgaans aan albei kante gespeel. Die Pukke het drie punte behaal teenoor twee van Wits. Tuks het net een punt met hul gelykop botsing teen Wits. behaal.

## Puk oorrompel Rhodes met 39-0

**Die eerste rugbyspan van die P.U. het op Saterdag 4 Junie, met 'n telling van 39-0 (ses doele en drie drieë) deurgedring tot die kwarteindronde in die Universiteitsliga. Rhodes Universiteit was die verloorders.**

**Vir die eerste keer in 'n lang tyd het die Pukke aanvallende hardlooprugby gespeel. Gevaarlike bewegings is keer op keer deur skrumskakel Jan Schutte op tou gesit. Pogings van Rhodes se strydlus is telkens deur Scott, Kirstein en De Bruin die nek ingeslaan.**

**Na rustyd het die Pukke met nog groter ywer aangeval en die laaste tekens van Rhodes se weerstand het verkrummel.**



**So lyk die toernooispan van die manshokkieklub.**
**Agter: v.l.n.r: Hennie du Plessis, Izak van Rooyen, Johann Lindhoudt, Theo Dekker.**
**Middelste ry: Willie Enslin, Albert du Plessis, Martin Venter, George Simpson, Johan v. d. Walt.**
**Voor: Hennie Lessing, Gert Krüger (Kaptein), Mnr. Piet Malan (Sportdirekteur), Lourens Aucamp (O/Kapt.) Gert Snyman.**
**Foto: Fotokuns.**

## SONDERLINGE PRESTASIE

Twee dames van die P.U. se korfbalklub het daarin geslaag om Wes-Transvaalse kleure te verwerf.

Hulle is: Mejj. Janette Wissing en Hannetjie Geldenhuys. Mej. Wissing behaal vir die derde agtereenvolgende jaar Wes-Transvaalse kleure.



MEJ. JANETTE WISSING
Foto: Fotokuns

## VIER JUDOMANNE GAAN IN KAAP MEEDING

**Vier manslede van die P.U.-Judoklub het onlangs die Wes-Transvaalse judospan gehaal, terwyl twee dameslede bekers ontvang het as opvolgers in hul onderskeie gewigsafdelings. Die dames is L. Rautenbach en L. Kruger.**

Die P.U. mans wat die Wes-Transvaalse Judospan later vanjaar in die S.A. kampioenskappe in Kaapstad verteenwoordig, is: Albert Williams, Julius Mussmann, Thys Lourens en Steve van der Walt.

Die Kovsies se judospan kon die staatmakerspan van die P.U. nog nooit die loef afsteek nie. Die verwagting is dat die Intervarsity geen verrassing op die gebied sal oplewer nie.

## Skermklub „voer" afrigter in uit Noord-Engeland

**„Die P.U.-Skermklub is die enigste klub van die Universiteit wat kan spog met 'n ingevoerde afrigter," het mnr. S. Venter, kaptein van die Skermklub, gesê. Hy het verwys na mnr. Eric Wilson wat tans op Stilfontein woon.**

Mnr. Wilson, wat 'n landmeter van beroep is, het in die Noorde van Engeland opgegroei en het verlede September na die Republiek ge-emigreer.

As gekwalifiseerde afrigter van die amateurskermbond in Engeland kom mnr. Wilson enige klub wat aan die bond verbonde is, afrig. Hy was egter verbaas om te verneem dat die P.U.-Skermklub die enigste van sy soort in die hele Wes-Transvaal is. Hy is van voorneme om 'n klub op Stilfontein te stig.

**Op versoek van die Pukke het mnr. Wilson ingewillig om te help met die afrigting van die P.U.-Skermklub.**

Die P.U. veg in die nabye toekoms teen die klub van die Pretoriase Tegniese Kollege. „Dan sal mens kan sien of die Pukke enige baat gevind het by die afrigting van mnr. Wilson", het mnr. Venter gesê.

## Ouhere seëvier

In 'n opwindende sokkerwedstryd Vrydagmiddag, 10 Junie, het die Ouhere van Heimat daarin geslaag om hul eerstejaars die loef af te steek.

Die telling van 7-4 is 'n goeie weergawe van die spel. Die wedstryd is in 'n goeie gees afgespeel.

## RUGBYVLEUEL HAAL W.-TVL.

Ibbert Joubert, haastige vleuel van die eerste span is onlangs opgeneem in die rugbyspan van Wes-Transvaal teen Oos-Transvaal. Hy is die tweede Puk wat die seisoen met die prestasie kan spog.

## Manskoshuis se rugbyspan klop P.U.-tweedes

**Dawie du Plessishuis, manskoshuis van die P.U., het gesorg vir een van die grootste rugbyverrassings van die seisoen, toe hulle onlangs die Universiteit se tweedespan met 11—3 kafgedraf het.**

Met die wind in hulle guns kon die tweedes in die eerste helfte geen hond haaraf maak nie. Meer as een keer is maklike puntekanse verbrou.

Wat die verloop van die spel nog meer verbasend gemaak het, was die feit dat die koshuisspan feitlik nooit 'n bal uit die vaste skrums kon bemeester nie. Alle lof ook aan die koshuisagterlyn wat goed verdedig het. Hier moet veral die name van Tokkies Marais en Blackie Vorster genoem word.

**GEES**

In die tweede helfte het die samespel en gees van die koshuisvoorspelers die tweedes heeltemaal ontsenu. Die tweedespan moes egter 'n groot gedeelte van die tyd met slegs dertien spelers klaarkom.

Spelers wat klop aan die tweedespan se deur is Casper Coetzee, Cas Badenhorst en Jaap Malan.

## Aan die Sportfront

deur SPREILIG

ONS eerstespan speel deesdae puik rugby en gaan beslis sy stem dik maak in die huidige Intervarsityreeks. Tukkies, ons moontlike volgende opponente, moet in hierdie stadium as die gunstelinge beskou word, Ek wil egter voorspel dat die ligte Pukspannetjie vriend en vyand gaan verras.

Van die Pukke se kant kan die toeskouers hardlooprugby verwag wat tog sekerlik die hoofdoel van die reeks is. Die toer deur Oos-Transvaal tydens die Julievakansie is net die regte ding om al die haakplekke uit te stryk en die span slaggereed te kry vir die drie belangrike botsings in Augustus, nl. Tukkies, Kovsies en Pote.

**SWEET**

Die toer gaan beslis nie 'n sosiale aangeleentheid wees nie. Die toerprogram maak voorsiening vir ses wedstryde, wat beteken een wedstryd elke tweede dag. Tussen wedstryde sal oom Piet Malan ook die manne op die oefenveld laat sweet. Die strawwe program, tesame met die gedugte plattelandse spanne waarteen hulle te staan kom, gaan beslis sorg dat die Pukspan fiks en met genoeg ondervinding teen die Tukkies kan opdraf.

**TWEEDES**

Maar wat is deesdae verkeerd met ons tweede span? Na 'n aanvanklike goeie begin het hulle die afgelope paar wedstryde nie te waffers vertoon nie. Ons dink hier veral aan hulle neerlaag teen Dawie Dup . . . Nuwe bloed sal die span beslis nie sleg doen nie. Hoewel die koshuisspanne nie van hulle manne wil afstand doen nie, is dit geen rede om 'n speler wat vir groter rugby bestem is, terug te hou nie. Ek reken dat die keurders 'n paar koshuiswedstryde moet dophou om belowende manne ook 'n kans te bied.

## Vier P.U.-spelers verteenwoordig W.-Tvl.

Vier Pukke is opgeneem in die Wes-Transvaalse tennisspan wat voorverlede week teen die Griekwas kragte gemeet het. W. Tvl. het die toernooi gewen.

Die spelers is Lappies Labuchagne, Piet Mitchell, Dawie Smith en Theo Malan. Dawie Smith is gekies na onttrekkings uit die oorspronklike span. Theo Malan was reserwe.


**Mans- en Sportuitrusters**

Pan Coetzee

U KOOP GRAAG

**VEKA**

daarom koop u by ons, die **ENIGSTE** VEKA-uitrusters in die dorp

**INSLEEP**

***Waarheen almal sleep***

(Nou ook 'n nuwe sleephoekie bygekry)

**Koshuisbestellings Tel. 6039**



*Nuwe hoekie*

**EINDTELLING 18-17**

# WESTERN REEFS STUUR PUK DRUIPSTERT HUIS TOE

**Rugby op die P.U. lewe weer. Die stelling is op Orkney bewys waar die P.U. op 11 Junie teen Western Reefs kragte gemeet het. Na eg Suid-Afrikaanse sprankelrugby was die eindtelling 18—17 in Western Reefs se guns.**

**Die ywer waarmee die Pukke die wedstryd aangevoer het, was onbekend. Vroeg in die eerste helfte het Thys Redelinghuys geslaag met 'n skepskop. Die toeskouers, met die vorige Saterdag se oorwinning van die Pukke, teen Rhodes, nog vars in die geheue, het hulle klaargemaak vir verrassende rugby.**

**VERSLAP**

**Rustyd was die telling 12-5 in die Pukke se guns. Nadat die Pukke in die tweede helfte 17-8 voorgeloop het, het daar 'n verslapping ingetree. Western Reefs het munt geslaan uit die Pukke se slordige werk in die skrums, en met geslaagde strafskoppe die puntetelling verskuif na 18-17 in hulle guns.**

**SENTERPAAR**

Gedurende die laaste twintig minute is uitmuntende rugby deur beide kante gespeel. Opmerklik was die briljante kombinasie van die Pukke se senterpaar, Swart en Redelinghuys. Jan Schutte het blitsig agter die skrum vertoon. Roets se gewilligheid en spoed op vleuel het opgeval. Dit is jammer hierdie speler is nie forser gebou nie.

Harde en meedoënlose voorspelerspel was deurentyd aan die orde. Waar die Pukke se skrums in sommige gevalle skipbreuk gely het, is dit te wyte aan 'n verkeerde kombinasie van stutte.

Op heelagter het Schalk Hoogenboezem bestendige spel gelewer, maar waar die geleenthede opgeduik het, het hy net nie met sy skopwerk geslaag nie. Punte van ten minste vier maklike skoppe het vir die Pukke verlore gegaan. Hoogenboezem weeg moeilik op teen Koos du Plooy.

**Die Pukke se kanse vir die Intervarsity teen Kovsies lyk gunstig, maar hulle spel in die lynstane sal opgeknap moet word.**

**TWEEDESPAN**

Die tweedespan moes ook die knie buig teen Western Reefs. Die eindtelling was 14-10. Albei spanne het harde rugby gespeel en geen genade is aan beide kante betoon nie. Op heelagter het Schutte Venter nie 'n gelukkige wedstryd gehad nie, maar het in 'n mate vergoed deur albei drieë te vervyf. Kobus Venter en Gerrie Snyman wat altwee 'n bars gespeel het, het die drieë aangeteken.

## *Pukke wen skild op Ellispark*

Twaalf jaar gelede het die P.U. se manstennisspan die Plattelandse skild gewen. Prof. D. P. J. Smith was kaptein van die span.

Tydens die jaarlikse toernooi wat op 31 Mei plaasvind en waaraan alle plattelandse dorpe om die skild meeding, het die P.U.-span vir Nelspruit gewen.

Uit die twaalf dorpe se spanne wat meegeding het, was die Potchefstroomse span die jongste. Die spanlede was: Dawie Smith (kapt.) Christo van der Walt, Piet Mitchell en Pieter van der Walt.



**Dawie Smith, kaptein van die span wat die Plattelandse skild gewen het.**

**Foto: Mac v.d. Merwe**

## *Krugers haal mieliespan*

**Die O/20 rugbyspan van die P. U. spog met 'n besondere prestasie. Agt van die vyftien spelers het daarin geslaag om die Wes-Transvaalse O/20 span te haal. Wat die prestasie meer besonder maak, is dat vier van die agt spelers Krugers is.**

**Die spelers is: J. Kruger (Kaptein en losskakel), A. Kruger (voorry), G. Kruger (slot), T. Kruger (flank), S. de Jager (haker), G. Botha (vleuel), A. de Bruin (slot), en K. Venter (agsteman en reserwe).**

# Pukke tree as gashere op tydens kampioenskappe

**Die P.U.-Stoeiklub is vanjaar die gashere vir die stoeikampioenskappe van die Suid-Afrikaanse universiteite wat vanaf 30 Junie tot 1 Julie plaasvind.**

Die Pukke is vanjaar baie optimisties en vasbeslote om die toernooi te buit. Hulle het verlede jaar die tweede plek behaal.

**TALENT**

**Die opstel van die span, wat slegs uit tien lede mag bestaan, lewer reeds probleme. In sommige gewigsafdelings is daar baie talent.**

Manne wat die punte kan insamel deur verlede jaar se prestasies te herhaal, is Piet Goossen en Johan Boshoff, wat albei S.A.U. kampioene is. Daar is ook Jan (Mossie) Oosthuizen en Wollie Wolmarans, wat verlede jaar onderskeidelik tweede en derde plekke verower het.

## Dawie Dup-Noord wen slag van Majuba

„Die slag van Majuba" het op 6 Mei in die Totiussaal plaasgevind toe Dawie Dup-Noord tydens 'n kragmeting in tafeltennis en skaak oor die inwoners van Majuba-Manskoshuis van die Goudstad se Onderwyskollege, gedraf het.

Binne twee uur na die aankoms van die Majubaners en hul asters het hulle die slag verloor met die telling 14—7 (tafeltennis) en 17—3 (skaak).

Na die veldslag is die stryd by die dam voortgesit waar 'n begeesterde Goudstad die toutrek lag-lag gewen het.

Die bootresies is uitgestel vir 'n latere geleentheid toe die „jollie" kollege-mense om 10 nm. vertrek het. 'n Uitdaging is gerig tot Liberalia se rugby- „pin-ball"- en snoekerspanne.

Dawie Dup Noord, alias Liberalia, was die gashere van die Majubane.

## Tuks klop Ikeys

Tukkies het verlede Woensdag deurgedring tot die halfeindronde van die interuniversitêre uitklopkompetisie deur die rugbyspan van Ikeys met 14-11 uit te skakel.

Tukkies sal heel moontlik nou teen die Puk te staan kom.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**



**Scott bars oor die doellyn vir die eerste van sy twee drieë teen Rhodes.**

**Foto Mac v. d. Merwe.**

# MIELIEPITSKILD OP P.U. WORD INSTELLING

**Nie-spelers van die P.U. sal nou jaarliks die geleentheid kry om hulle slag op die rugbyveld te toon, het mnr. Hans van Zyl, sekretaris van die P.U. rugbyklub, in 'n onderhoud met ons sportverslaggewer gesê.**

Vir die doel is 'n Mieliepitskild op die P.U. ingestel. Die skild sal op dieselfde basis as die Suiderkruisskild toegeken word. Die houers van die skild kan dus enige tyd uitgedaag word om hulle skild te verdedig, volgens mnr. Van Zyl.

**KOMPLEKS**

Na 'n wedstryd wat Saterdag, 4 Junie, tussen Kompleks en Over de Voor beslis is, het die Kompleks die eerste wenner van die skild geword. Hulle wentelling teen Over de Voor was 3—0.

**Slegs nie-rugbyspelers en rugbyspelers wat nie 'n spesifieke P.U. span haal nie, mag in die wedstryde speel.**

Deur die instelling van die Mieliepitskild word daadwerklik gepoog im die belangstelling in rugby op die P.U. aan te wakker. Dit sal ook beslis die „koshuisgees" positief bevorder.

—S

## Tafeltennisspan slyp al tande

„Die P.U.-tafeltennisspan koester hoë verwagtinge wat die komende Intervarsity betref," het Pieter van der Walt, voorsitter van die tafeltennisklub in 'n onderhoud aan ons sportverslaggewer gesê.

Die spanlede wat reeds hulle tande slyp vir 'n oorwinning teen Kovsies, tydens die Intervarsity, is: P. J. van der Walt (kaptein), B. Schutte en J. Harmse.

Die tweede mansspan is: J. Scholtemeijer en C. du Plessis. Die damesspan bestaan uit Y. Ferreira, B. Brits, S. Steyn en E. Malan.

## Sportklubs wil saamwerk

„Ons het besluit om oor te gaan tot die stigting van 'n vereniging wat in samewerking met die tafeltenniskerm- en pluimbalklub, sal poog om die belangstelling in sport aan te wakker," het mnr. Steve van der Walt, voorsitter van die P.U. Judoklub, onlangs gesê. Mnr. Van der Walt het die verklaring gedoen na 'n klubvergadering wat op 16 Junie gehou is.

## George Muldner in Proteaspan



**Een Puk is opgeneem in die S.A.U. atletiekspan wat later vanjaar in Rhodesië gaan deelneem. Hy is George Muldner wat die span in die langafstande sal verteenwoordig. Willie Coetzee, hekkiesatleet van die P.U., is nie beskikbaar vir die span nie. Hy vertrek binnekort oorsee.**

**Foto: Fotokuns**

*„Vleispasteitjies en tamatiesous asseblief . . . "*

**Turkstra**

**te kry by u kafeteria**



*Dit is die snit wat tel . . .*

- Alba Broeke
- Mentone Pakke
- Monatic Hemde
- Battersby Hoede
- Gregory Sokkies

**J. Tod Suttie**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

POTCHEFSTROOM

Posbus 219 — Tel. 3411

**PARADISE RESTAURANT**

Dié kafee op Die Bult . . . dié kafee waar studente hul koeldrankie drink, EN SNOEKER SPEEL!

**Tomstraat 86 Tel. 5474**